

## Oor die gawes van die Heilige Gees

Dit kom voor asof daar in resente tye `n sterk fokus op die Geesgawes (die charismata) val. Dit is met hierdie saak in gedagte dat ek hierdie onderwerp wil aanspreek en wat veronderstel is om hoogheilig te wees, omrede ons hier direk met toetrede tot die Allerheiligste te doene kry (daardie area in die Tempel wat streng voorskriftelike toetrede vereis het).

Dit is gewis `n area wat dan nie ligtelik benader en gehanteer (!) mag word nie. Maar omrede niks ooit in obskureit plaasgevind het nie, en veral met betrekking tot die uitdeel van die Geesgawes sedert die Bovertrekervaring (Hand. 2), sal hierdie onderwerp, uit die aard van die saak, ook algemene bespreking behels. Dit is met ander woorde juis hierdie area wat noodwendig ons objektiewe beskouing vereis.

Dit sal dan nie help om dit ten alle koste te wil vermy nie want diegene wat in die aktiewe werking van die Geesgawes glo (dit bely) word net te dikwels onder een-en-dieselfde kam geskeer, so asof almal noodwendig presies dieselfde siening handhaaf. Feit is, daar heers vandag `n warboel van uiteenlopende sienswyses oor die charismata en veral hoe dit toegepas word.

Onkunde is die moeder van dwaling maar onkunde is ook die moeder van dwase en onverstandige optrede. Hierdie spesifieke beginsel kan ons natuurlik op vele wyses toepas, dit is sodra dit by veral die gawes kom maar ook veral beoordeling van diegene wat die Geesgawes onderskryf.

Net soos wat die kerkdom diverse perspektiewe oor Christus en Sy openbaring handhaaf en wat tot vandag toe gelowiges gelyktydig van mekaar onderskei en Sy Liggaam fragmenteer, bestaan daar onderlinge verskille oor die Geesgawes. Maar hoofsaak is of dit wat ons bely en toepas, Skrifverantwoordbaar is of nie.

Tog, as dit by Skrifverantwoordbaarheid kom, behoort ons selfs diegene wat goed onderle is in die grondtale van veral die Nuwe Testament, nie summier as optimale voorbeeld van "perfekte" Skrifuitleg te beskou nie omrede, en weereens, die Christendom juis uit vele perspektiewe bestaan weens beleid wat deur die stigters van al die onderskeie kerke neergele was. Vooroordeel kom dan saam met belydenisse en dit is wat natuurlik altyd ons objektiewe beoordeling vereis.

Wat ek dan bedoel by "Skrifverantwoordbaarheid" rakende hierdie onderwerp is met ander woorde wat die Skrifte verklaar - en natuurlik gemeet aan die hand van die onderskeie en veelvuldige vertalings tot ons beskikking - met betrekking tot die Geesgawes en in die lig van veral die Pauliniese briewe asook die Handeling van Lukas, bronne waarsonder ons nie hierdie dinamiese onderwerp ooit sal kan aanspreek nie.

Feit is dat die Geesgawes - veral die beoefening en interpretasie daarvan - lering vereis, en veral komend van leraars wat vertrou is met die Geesgawes omrede hierdie korps of in geheel of tot `n mate toe hulle wel direk daarmee kan vereenselwig. Met hierdie stelling bedoel ek nie dat een en elk ressorterend onder hierdie sektor al die antwoorde het nie!

Om hierdie rede is lering uiters noodsaaklik want wat vandag in daardie kerke wat die meelewende Gawes erkenning gee plaasvind - dit is die Chrismatiese en Pentekostalistiese kerke/gemeentes - vereis beslis opnuut ons aandag. Met resente gebeure in Lagos - die intuïemeling van `n gewilde "profeet" se kerkperseelgebou (die gastehuis) - mag die beoefening van die Geesgawes wel ter sprake kom. Feit is misleiding, en nie net goeie getuïenisse nie, was deur die eeue heen aan hulle wat die Geesgawes propageer, gekoppel.

Nou, ons is nie geroep om mense gelukkig te hou nie, maar ons is beslis geroep om `n oop brief aan die wereld te wees (Paulus)! Ons moet dan verantwoordelik optree en op so `n wyse dat ons nie skade en skande aan God se saak sal koppel nie en dit deur ons eie dwaasheid.

Die apostels van Jesus het wel 'n boodskap gebring wat sedert die Bovertrekbelewenis (die toerus met Krag uit die Hoogte - Hand. 1.8) vir baie kontroversieel en selfs ekstreem was en ek is baie seker dat die leiers wat Jesus gekies het van meet af nie ingestel was op aanvaarding nie. Hulle aanvaarding was inderdaad met Christus in gedagte en gevolglik om Hom te behaag en nie mense nie (Petrus).

Daar sou dan noodwendig van meet af polarisasie plaasgevind het, dit is dat dit wat die apostels gebring het vir seker daardie vuur was waarvan Jesus gepraat het en wat as gevolg van die uitwerping daarvan op die aarde, inderdaad tot verdeelheid sou gelei het. Tog, was dit wat hulle as die "vurige" Geesgawes gebring het, en wat beslis voor die wereld 'n vertoning van Christus se opstandingskrag was, tegelykertyd konsekwent en aangrypend.

Die vrugte wat hulle voorgebring het, was dan in elke opsig goed en gesond want saam met die Geesgawes wat die fokus vierkantig op die volgelinge van Jesus laat val het, was die apostels opreg teenoor God en mens en hulle dade het gevolglik getuig van eerlikheid, verantwoordelike optrede, heiligheid, verantwoordbaarheid en veral geregtigheid - alles onderle in sterk morele waardes.

Ons houding en gesindheid teenoor die wereld sal dan noodwendig deur die wereld beoordeel word en om hierdie rede moet ons wies die Geesgawes bely, bereid wees om die soeklig van God op ons te laat val en sodat ons die suurdeeg van afval en verval uit die deeg kan verwyder (die doel van Paasfees en wat ons tog sekerlik aan die kruisdood van ons Here Jesus herinner). Ons kan dan nie net vorentoe haas sonder om deeglik te besin waarheen ons nou eintlik op pad is nie!

En om hierdie rede wil ek die Geesgawes en veral die beoefening daarvan aanspreek. 'n Man van die Here wies inderdaad die kentekens van 'n ware gesalfde van God gedra het, was van mening dat "Pinkster leringe nodig het met betrekking tot die Geesgawes". Waarom dan net "Pinkster", dit is spesifiek die Pentekostaliste?

Omrede die kerke wat die aktiewe ontvangs van die Heilige Gees en die beoefening van die Geesgawes na die verdwyning van die apostels van Jesus afwys, uit die aard van die saak nie betrek kan word nie ofskoon baie onder hierdie sektor tog ook 'n belangstelling daarin het want wat ookal om ons gebeur, sal noodwendig deur die ganse "Christendom" vibreer. Niks kan ooit in 'n hoek bly nie. Alles wat openbaar gemaak word, is inderdaad altyd lig en niemand wil graag uitgesluit word nie, en veral met betrekking tot hierdie baie dinamiese, interessante onderwerp.

Megakerke het juis vanuit die Pentekostalisme en die Charismatiese samekomste, dit is teen die tagtigerjare in Suid-Afrika verrys. En hierdie samekomste was dan inderdaad "gemeng" omrede nie een en elk wat dit bygewoon het, hulle tuiskerke altyd verlaat het nie.

Kruisbestuwing het dan inderdaad plaasgevind en veral sedert die Charismatiese Kerke begin gedy het maar ook nie uitsluitlik nie want die Pentekostalisme het die hand begin uitrek na die Calvinistiese kerke toe sedert die sestigerjare en hierdie alliansie het al sterker opgekom en God het dan, inaggenome die formalisme wat begin gedy het, die Charismatiese beweging tydig in plek laat val, net soos wat die Spadereenbeweging\* teen die draai van die dertigerjare ook betyds gestuur was om die Gawes brandend te hou - en beslis onder spesifieke faksies of dan as algemene uitvloeisel daarvan.

Ek wil my dan, met betrekking tot hierdie besprekingspunt, bepaal by daardie vertakking in die bree Liggaam van Jesus wat die Geesgawes, en die aktiewe werking daarvan, omhels het, naamlik die Charismatiese sektor en die Pentekostalistiese kerke wat nog altyd die Geesgawes bely het - dit is met die fokus op erkenning en dan nie hoedanig die beoefening daarvan altyd gepropageer word nie.

En met hierdie saak in gedagte wil ek graag tendense binne hierdie raamwerk aanspreek. Ek hoor byvoorbeeld van optrede en benaderingswyses tot die meelewende Geesgawes wat my dikwels verstom laat staan.

Volg dan gerus hierdie besprekings wat ek op hierdie vlog sal aanbied want ek weet dat die Here vereis dat die

"deposito" wat Hy aan ons as sy "kosbare" erfenis toevertrou het, behoue moet bly tot by die terugkeer van Jesus. Ek bepaal my dan by daardie sektor/sectore onder huidige Christendom wat betrokke is by die meelewende Geesgawes (=die charismata) of wie voel dat hulle `n spesifieke belang daarby het.

Ek sal met een spesifieke saak begin want ek dink ek het al talespraak tot `n groot mate toe aangespreek ofskoon ek dit weer, op gegewe tye, noodwendig sal moet aanspreek. Maar kom ons begin by sekere "assertiewe" optrede wat al baie lank gepropageer word. Neem natuurlik ook in ag dat nie een en elke Pentekostalis en Charismaat skuldig is aan dit wat aanspreek word nie! Daar is beslis altyd die uitsondering op die reël!

Minagting en onderskatting van satan se krag:

Ons weet dat net God volgens die NT apostoliese briewe alleen ware krag besit want die Krag van God is onlosmaaklik gekoppel aan die Heilige Gees, iets waarin satan geen aandeel het nie! As ons Judas se brief sou lees, sien ons gou dat `n implisiete lering aan ons oorgedra word, naamlik om nie ligtelik van satan te praat nie maar om die voorbeeld van Moses te volg. Ons het ook veral die voorbeeld van Jesus wie satan deur die geskrewe Woord tegestaan het.

Met voorgaande in gedagte het ons dan geen reg om "satan te skop", hom "te klap dat hy trek", "skoene en voorwerpe na hom te gooi" nie en so asof ons met hierdie tipe optrede van hom en sy aanslag teen ons ontslae wil raak nie.

Ek onthou hoe sangers en predikers in die sewentigerjare met die koms van die Charismatiese herlewing in Suid-Afrika dikwels op platforms demonstrasies gegee het van die "ontslaeraak" van satan. Dit het dan gepaard gegaan met `n woeste geskop en bravade wat inderdaad gegrens het aan vermetelheid. Feit is God het ons deur die toerus met krag uit die hoogte, in staat gestel om satan soos Jesus, "deur die Krag van die Heilige Gees" uit te dryf, ook uit die gemeente te ban.

Om hierdie spesifieke rede is talespraak deur `n gesalfde instrument gedrewe (!), van die uiterste belang en ek kan net byvoeg dat dit glad nie nodig is om mense om te stamp asof die prediker bonatuurlike krag het om dit uit eie oorweging te doen nie.

God se Gees sal self die wonderwerk laat plaasvind (optrede teen satan vereis Heilige Gees krag en invulling) en ek deel graag in `n volgende aflewering `n getuigenis van hoe God met `n vermetelete person gehandel het, `n insident wat in vroeë Pentekostalisme afgespeel het en wat gerus weer na gekyk kan word.

---

\*`n Baie kragtige Heilige Gees-beweging en toe God op besondere en uitstaande wyse gewerk het met die Geesgawes tot en met die skeuring in 1939. Daar is sekerlik nie `n kerk wat net van positiewe ervarings kan getuig nie. Bevordering van die Geesgawes op gemeentelike vlak moet om hierdie rede altyd gepaard gaan met lering omrede dit `n baie dinamiese veld is waar misbruik van veral die gawe van profesie maklik kan plaasvind. Meer omtrent hierdie onderwerp op `n later geleentheid.

Ester Blomerus

[www.housealtarnetwork.com](http://www.housealtarnetwork.com)

September 20, 2014